



Verwysing: 20210621-3879  
Lêernommer: 12/2/13/6  
Navrae: V Madasi

Inrigtingshulpbronondersteuningminuut: 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-koördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

**Onderwerp: Aflowering van graad R tot 9 DBO-werkboeke vir 2022**

1. Soos in 'n brief van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) uiteengesit, sal die DBO werkboeke vir die 2022-skoolkalenderjaar druk en aan alle openbare skole (gewone en spesiale) in die Wes-Kaap versprei.
2. Die volgende boeke sal direk by skole afgelewer word:
  - Graad R-werkboeke
  - Graad 1 tot 6 Huistale
  - Graad 1 tot 3 Wiskunde (in die taal van leer en onderrig (TLO))
  - Graad 4 tot 9 Wiskunde (in Engels en Afrikaans)
  - Graad 1 tot 6 Engels (Eerste Addisionele Taal)
  - Graad 1 tot 3 Lewensvaardighede (in die TLO).
3. Volume 1 vir 2022 (Kwartaal 1 en 2) en graad R sal teen 30 September 2021 by alle skole afgelewer word. Volume 2 vir 2022 (Kwartaal 3 en 4) sal teen 30 November 2021 by alle skole afgelewer word.
4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is vroeër vanjaar versoek om die DBO van die geprojekteerde leerdergetalle te voorsien vir werkboeke wat vir 2022 gedruk en afgelewer moet word. Die leerdergetalle wat aan die DBO voorsien is, is op die betrokke SOBIS-inligting wat op daardie tydstip beskikbaar was, gebaseer.
5. Die getal werkboeke wat by elke skool afgelewer moet word, stem ooreen met die leerdergetalle wat deur die WKOD aan die DBO verskaf is. Die getal werkboeke wat skole volgens graad van die DBO vir aflowering kan verwag, kan op die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) (KABV-handboeke) se webblad op die

WKOD-webwerf (<https://wcedonline.westerncape.gov.za/learning-and-teaching-support-material-ltsm>) besigtig word.

6. 'n Riglyndokument wat die prosedure voor en tydens die aflewering van die werkboeke uiteensit, is as Bylae A aangeheg.
7. Wanneer die werkboeke deur die DBO-diensverskaffer afgelewer word, moet skole die getal werkboeke wat afgelewer is met die getalle wat op die bogenoemde webwerf verskaf is, vergelyk. Enige afleweringe in die verkeerde tale of enige tekorte moet op die afleweringbewys (AB) aangedui en met die diensverskaffer wat die werkboeke namens die DBO afgelewer het, bespreek word.
8. Die DBO plaas die AB'e van elke skool na <http://www.schoolmaster.org.za> oor en distrikte word aangemoedig om toegang tot hierdie webwerf te verkry om die afleweringbesonderhede te verifieer. Die skool se OBIS-nommer kan gebruik word om op die webwerf aan te teken.
9. Gedurende Oktober 2021 sal daar van alle skole waar handboeke afgelewer is, verwag word om die geprojekteerde leerdergetalle vir 2022 en die werklike getal werkboeke van elke vak wat van die DBO ontvang is, volgens graad op SOBIS vas te lê. Tekorte en surplusse sal sodoende geïdentifiseer en aan die distrikte deurgegee word. Die verslag sal op *EduInfoSearch* beskikbaar gestel word.
10. Die tersaaklike distriksamptenare sal vir die fasilitering van die verspreiding van werkboeke wat as tekorte aangewys is, verantwoordelik wees.
11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

**GETEKEN:** L McGLENATENDOLF

**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**

**DATUM:** 2021-07-21